KWASIZABANTU PREDIKANTE-KONFERENSIE

Privaatsak 252 KwaSizabantu 3285 RSA Tel: 032 481 5500 Faks: 032 481 5510
www.kwasizabantu.com/Ministers_conference/conf.htm - ministersconference@kwasizabantu.com

Uitnodiging na KwaSizabantu Predikantekonferensie 2 - 4 Maart 2009

DIE DRINGENDHEID VAN DIE UUR

"Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd."
(Efesiërs 5:15-16)

Liewe Vriende in die Here

Ons wil u graag uitnooi na ons volgende Predikantekonferensie in Suid-Afrika wat beplan word vir **2 – 4 Maart 2009**, DV, vanaf Maandagaand tot Woensdagaand. Ons moedig u aan om hierdie uitnodiging biddend te oorweeg – vir uself, u gade en enige kollegas in die Here se diens.

Met die oog op die uitdagings van ons tyd, herinner die tema ***'Die dringendheid van die uur'*** elke kind van die Here daaraan om besig te wees om *"... die werk (te) doen van Hom wat My gestuur het ... so lank as dit nog dag is; die nag kom, wanneer niemand kan werk nie"* (Joh 9:4). Mag die Here skenk dat hierdie konferensie daartoe sal bydra dat elke dienskneg van die Here sal sien hoe laat dit op God se horlosie is en sal besig wees met dit waarmee die Here wil hê ons besig moet wees in hierdie 11de uur.

SPREKERS:
Hier is sommige van die sprekers wat die uitnodiging aanvaar het om by die konferensie op te tree:

• Eerw Joseph **CHAUKE**	Afrika Jeugevangelisasie
• Rev Dany **HAMEAU**	President, Evangeliese Federasie van Frankryk
• Prof Fika J **VAN RENSBURG**	Professor in Nuwe Testament, Fakulteit Teologie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
• Rev Sydney TM **MBATHA**	St Joseph Anglikaanse Kerk, Ulundi
• Rev Ernst **TANNER**	Stigter en President, Heli-Sending, Switserland
• Past Leonard **SANKEY**	Prediker van 'Faith Mission Church', VSA; Alg. Sekretaris, 'Interchurch Holiness Convention'

Meer besonderhede en bevestiging van ander sprekers sal mettertyd beskikbaar word en sal op ons webblad verkrygbaar wees. (Indien u sou verkies om hierdie uitnodigings en ander inligting in die toekoms per e-pos te ontvang, teken asb. in op ons webblad by http://lists.ksb.org.za/lists/?p=subscribe&id=3 .
Stuur asb ook 'n e-pos aan ons e-posadres ministersconference@kwasizabantu.com waarin u aandui watter posadres u wil hê ons moet vervang met uitnodigings per e-pos.)

Laat asseblief so gou moontlik weet of u kan kom – per brief, telefoon, faks of e-pos (sien kontakbesonderhede op die briefhoof). Meld die name van almal wat wil kom, en spesifiseer mans, dames en egpare. 'n Aanlynregistrasie-opsie is ook op ons webblad geskep by www.kwasizabantu.com.
Gebruik gerus ons e-posadres vir navrae: ministersconference@kwasizabantu.com.

Hoewel verblyf en voedsel gratis voorsien word, wil ons vra dat u u eie beddegoed saambring, indien moontlik. Ons sal u graag behulpsaam wees met vervoer vanaf die Durbanse lughawe / stasie / bushalte. Laat gerus weet wanneer en waar ons u kan afhaal.

Ons sien daarna uit om van u te hoor.

In Sy diens

(geteken) Erlo Stegen
DIREKTEUR: KWASIZABANTU SENDING

"Toe die bruidegom lank wegbly, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. In die middel van die nag was daar 'n geroep: 'Hier kom die bruidegom! Gaan hom tegemoet!'... Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie." (Matt 25:5-6, 13)

"Gelukkig is die slawe vir wie die eienaar by sy koms wakker sal aantref." (Luk 12:37a)

"En dit alles is nodig omdat julle weet hoe laat dit al is. Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het. Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem." (Rom 13:11-12)